Ned. Geref. Gemeente Rustenburg-Suid

Jesus Leef en ons met Hom!

Kerkkantoor: **Hoek van Kerk- en Uniestraat, Rustenburg**
Tel: **014 592 2419**
e-Pos: **ngrbsuid@gmail.com**
Kantoorure: **Weeksdae 10:00 - 14:00**
Erediensty: **Sondae 09:00**
http://ngrustenburgsuid.co.za

Weeklikse Brood vir **20 – 26 September 2020**
Vyftiende week in **Koninkrykstyd**

Skriflesing vir die week: **Eksodus 16: 2-15**
Skriflesing vir volgende week: Eksodus 17: 1-7

Sondag – *Ingenooi in God se rus en tyd*

✓ Ons lewe is elke dag 'n gejaag van die een afspraak na die volgende. Jy voel dalk op hierdie oomblik moeg en moedeloos weens al die verantwoordelikhede en verpligtinge wat jy moet hanteer.
✓ Vind vir jou 'n ruimte of plek waar jy tot rus kan kom. Gebruik die stilte en rustigheid om van God se stem bewus te word.

Lees **Eksodus 16: 2 - 4; 9 - 15** 'n paar maal rustig deur.

✓ Die volk kla, maar die sorgende God voorsien manna.
✓ Watter woorde of frases tref jou? Waartoe wil jy jou in die volgende week verbind? Dalk om God te hoor, of om van sy teenwoordigheid bewus te word?

Lees **Psalm 105: 1 - 6, 37 - 45** wat handel oor die verwondering oor God se sorg tydens Israel se woestynreis.

✓ Dink oor God se sorg en onderhouding van die skepping.

Maandag – Luister na God se Woord

✓ Gaan sit op 'n stil plek en word bewus van God se teenwoordigheid.
✓ Dink aan oomblikke in die afgelope week toe jy aan God ongehoorsaam was.
✓ Dink aan oomblikke in die afgelope week toe God aan jou voorsien het.

Lees **Eksodus 16: 2 - 4; 9 - 15** rustig deur.

✓ Die Israeliete is uiteindelik deur God uit Egipte bevry. Nou "kla" hulle vir God aan, omdat hulle oorgenoeg kos in Egipte gehad het, maar in die woestyn honger ly.
✓ God hoor die Israeliete se klagtes en belowe in vers 4 dat Hy vir hulle sal sorg. Deur die manna het God Hom in die woestyn aan die Israeliete geopenbaar.
✓ Dink aan woestyn-oomblikke in jou lewe. Hoe het God in daardie oomblikke vir jou uitkoms gegee?
✓ Dalk beleef jy nou so 'n woestyn-oomblik. Word bewus van hoe God Hom in die woestyn aan jou openbaar en vir jou voorsien te midde van die swaarkrytyd.

Dinsdag – Luister na mekaar

Lees ***Matteus 20: 1 - 16.***

✓ Dink saam met medegelowiges oor vers 6-8. As jy alleen is, dink aan gesprekke met medegelowiges oor die volgende temas:
  - Dit is nie regverdig dat sommige mense eers op hulle sterfbed kies om Jesus te dien nie.
  - Ek wil nog die lewe geniet voordat ek my lewe aan die Here toewy.
✓ Dink biddend oor vers 7: "Omdat niemand ons gehuur het nie."

Woensdag – Luister na ander en die tye

Lees ***Matteus 20: 1 - 16.***

- ✓ Hoor die eienaar se opdrag in vers 8. Hy laat roep al die arbeiders en betaal hulle hulle loon.
- ✓ Dink aan mense wat bygedra het om jou erfenis in Suid - Afrika en in God se koninkryk te verseker. Hoe praat die media en mense buite die kerk oor hulle erfenis in Suid - Afrika? Vergelyk dit met wat jy by ander gelowiges hoor.

Donderdag – Luister weer na God se Woord

Lees ***Matteus 20: 1 - 16 en Filippense 1: 21 - 30***.

- ✓ Dink oor die temas van arbeid en diens in die twee tekste.
- ✓ Hierdie is ’n "hemelse" en nie ’n aardse gelykenis nie. Hier is nie sprake van sosiaal - etiese of vakbondeise oor mede-eienaarskap of - seggenskap nie. Dit kan ’n gevaarlike benadering tot die teks wees. Dit veroorsaak ’n dualisme wat hemel en aarde skei.
- ✓ Ons moet helder wees oor die konsepte "koninkryk van die hemel/koninkryk van God". Jesus gebruik konsekwent net die term "koninkryk van God". Hy bring dit deurgaans in verband met sy persoon. Hy is dus self die verpersoonliking van God se koninkryk. God se koninkryk is onlosmaaklik aan Jesus Christus verbind. Daarom het die kerk later ook van die "koninkryk van Christus" gepraat.
- ✓ Hoor Paulus se worstelstryd oor sy lewe en diens aan God (Fil 1: 23, 24). Dink na oor die betekenis van Paulus se woorde in Filippense 1: 25.

Vrydag – Fokus op wat God nou doen

Lees **Eksodus 16: 2 - 4, 9 - 15**.

- ✓ Dink na oor wat die manna is wat God op hierdie oomblik in jou lewe aan jou voorsien. Waar sien jy God so duidelik in die wêreld aan die werk soos in die woestyn in die lewe van die Israeliete?
- ✓ God het aan Moses verskyn, en daarna het Moses die volk beveel om voor die Here te kom staan. God het Hom aan die volk geopenbaar - spesifiek as die Een wat voorsien het deur hulle te voed.
- ✓ In Johannes 6 belowe God ook dat Hy vir ons die brood wat lewe gee, voorsien. Hoe en waar beleef jy dat God die brood van Johannes 6 aan jou voorsien?

Lees ***Matteus 20: 1 - 16 en Eksodus 16: 2 - 15****.*

- ✓ Matteus 20 beklemtoon dat die eienaar mense aanstel en beloon. Hulle is van sy indiensneming afhanklik vir daaglikse sorg.
- ✓ Eksodus 16 vertel hoe God elke dag vir sy verbondsvolk in die woestyn gesorg het. Hy het voedsel voorsien en hulle moes in afhanklikheid op Hom vertrou.
- ✓ Noem een geleentheid die afgelope week waar jy hierdie sorgende liefde ervaar het.

Saterdag – Antwoord met jou lewe

Lees ***Psalm 105: 1 - 6, 37 - 45*** *as antwoord met jou lewe.*

- ✓ Dink aan verskillende maniere waarop jy jou antwoord kan uitdruk:
  - o Loof die Here! Roep Hom aan! (vers 1)
  - o Maak aan die nasies bekend wat Hy gedoen het (vers 1).
  - o Sing liedere en vertel van sy dade (vers 2).
  - o Roem sy Naam en wees bly (vers 3),
  - o Soek hulp en beskerming by God, sy teenwoordigheid (vers 4).
  - o Dink aan wat God gedoen het (vers 5, 6).
  - o Gehoorsaam sy voorskrifte en doen sy wil (vers 45).

Prys die Here!